# Ketties: Alles wat seuns wil weet

'n Handleiding vir moderne kettie skiet in Suid Afrika



Opgestel deur: Dirk Lucas
Julie 2026

# Ketties

Net iets oor my. Ek is nou al so paar jaar besig met ketties na ek as 'n kind laas mikke gesny het en bicycle tubes opgesny het vir rekke. Ons het 'n baie lekker kettieklub hier in die Kaap begin. (Boksom Bende Kettieklub of net BBK) Daar is nog elke dag iets nuuts om te leer en nuances om mee te eksperimenteer. Toe ek begin het was die inligting nodig om kettie skiet te verstaan baie verspreid en youtube videos en eksperimentering was die enigste manier om te leer en dit het lank geneem om al die drade bymekaar te trek. Ek het hierdie dokument opgestel om die koring van die kaf te skei en om dit makliker te maak om al die dinge wat betrokke is te verstaan of ten minste vir jou 'n beginpunt te gee in jou ontdekkingsreis van kettie skiet.

Jou eerste vraag is heel moontlik: Watter kettie moet ek vir my kry?

Nie so haastig nie. Jy moet eers so paar dinge verstaan.

Kettie skiet is nou 'n sport. Daar word jaarliks internasionale toernooie gehou met lande van reg oor die wereld wat deelneem. China het die grootste aantal skuts en dit is dus nie verbasend dat baie van die toerusting en rekke en innovering van kettie skiet van hulle ontleen is nie. Hier by ons is dit nog vars as 'n sport en ons is dus aan die voorfront van wat besig is om te gebeur.

Om 'n kettie akkuraat te skiet is nie maklik nie. Ek het al heelwat mense gehoor wat in baie ander sport skiet tipe sporte deelgeneem het wat gese het dat kettie skiet die moeilikste is. Die rede is dat daar soveel veranderlikes is. Die truuk is dus om soveel van die veranderlikes te elimeneer of vaste gewoontes te maak sodat jy net op die skiet kan konsentreer.

So kom ons gesels eers oor die veranderlikes (variables) in kettie skiet voor ons by die ketties kom. Ek noem als hier want dit is almal elemente wat 'n invloed het en wat elkeen sy eie 'n ontdekkings reis gaan verg om uit te vind wat jy die meeste van hou en wat vir jou die beste gaan werk. Daar is nie 'n kits antwoord vir enige een nie.

- Rekke, lopers (Bands)– tipe, dikte, lengte, taper.
- Velletjie (Pouch)
- Kettie mik vorm (Frame)
- Vurk wydte van die kettie (Fork Width)
- Anker punt (Anchor point)
- Vashou en los van ammunisie (Release)

Ander dinge wat bespreek word

- Toerusting
- Ammunisie
- Aanskaf van 'n kettie
- Met watter hand skiet jy
- Algemene raad
- Etiek
- Veiligheid

## **Rekke**

Sedert ons met haasrekke en ou binnebande snysels geskiet het het die rubber tegnologie baie verander. Die rekke wat ons meesal nou gebruik is dun plat latex rolle wat meesal (of uitsluitlik) in China vervaardig word (Flat bands). Dit is in die orde van 0.4mm dik tot 1mm en word spesiaal vir kettie skiet gemaak. Die rekke is fenomenaal en die nuwe weergawes kan rek met 'n ratio van 1:6.7. Dit beteken dat 1cm kan rek tot 6.7cm! Binnebande of haasrekke kan nie dit doen nie.

Oor die algemeen gebruik ons rekke wat 0.45 tot 0.6mm is. 0.45 of 0.5mm is die beste vir 8mm staal ammunisie of klei wat ons op klub en kompetisie vlak mee skiet of by die huis mee oefen. Dikker as 0.5mm is bedoel vir groter ammunisie en, o wee, vir jag ook. Vir iets soos albasters of 10mm staal ammunisie is 0.6 of 0.7mm beter geskik.

Net iets oor tubes (Ek kan nie dink aan 'n goeie Afrikaanse woord nie). Dit is gewoonlik die beige mediese latex tubes en omtrent die enigste effe skietbare rekke wat ons tot onlangs in Suid Afrika algemeen kon koop. Maar weereens die Chinese het dit tot die volgende vlak geneem en daar is nou heelwat variante en diktes beskikbaar wat ligjare beter is as die mediese latex tubes en vir ketties spesifiek gemaak is. As dit iets is waarmee jy wil eksprimenteer, dis nogal pret om te skiet en hulle hou vir ewig! Die plat rekke is egter soveel beter vir akkuraat skiet en het heelwat meer voema so ek gaan die inligting hou by die plat rekke.




Daar is heelwat brands en verskaffers van die tipe flat bands. In Suid Afrika is daar nou 'n paar mense wat die rekke invoer. Op die chinese shopping platforms soos Temu kan jy variante vir goedkoop kry maar dit is oor die algemeen twyfelagtig. Jy kan ook direk by plekke soos Precise  of GZKBands rekke koop. Aflewering is goed maar effe duur as jy nie klomp op 'n slag koop nie. Ondersteun die plaaslike manne wat die rekke en toerusting invoer. Goedkoper en vinniger.

Aanbeveling: Precise se 0.45 of 0.5mm in die meeste variante is baie goed.

Daar is toerusting beskikbaar wat die sny en vasmaak van hierdie tipe rekke vergemaklik wat ek later sal dek.

## **Taper en lengte van die rekke**

Laat ek eers taper verduidelik. Die flat bands word gesny met die een kant dunner as die ander kant. Die dun kant word op die velletjie kant vasgemaak en die dikker kant op die mik. Daar is genoeg fisiese en wetenskaplike bewys dat dit 'n werklike verskil maak. Die verduideliking hiervoor is dat die dunner gedeelte vinniger gaan saamtrek as die dikker gedeelte en dit het die effek dat die ammunisie versnel word teen groter spoed as wat die rek als op een spoed saamtrek. Die effe nadeel

is dat die tipe sny van die rekke die lewensduur van die rekke verswak. Die voordeel van die gemak van skiet en beter spoed maak meer as op vir enige nadeel.

Lengte

Om die lengte van jou rekke te bepaal is daar nog een of twee konsepte wat belangrik is om die rekke beter te verstaan. Daar is 'n horde Youtube videos wat ook dit dek.

Die spoed waarmee die ammunisie beweeg het 'n invloed. Oor die algemeen hoe vinniger dit is hoe meer akkuraat gaan jy wees maar daar is ook 'n punt waar dit nadelig kan wees. So die truuk is om 'n goeie middelpunt te kry tussen gemak van skiet en spoed en lewensduur van die rekke. Daar is heelwat debat hieroor en party glo dat die rekke “gemax” moet word. Met ander woorde dat jy hom trek tot op die punt waar hy nie meer kan trek nie. Soos voorheen genoem dit is tot 6.7 keer die lengte van die rek vir die nuwe rekke. Persoonlik dink ek dit is onsinnig want jy gaan die rekke vinnig beskadig en heelwat meer krag moet insit met die trek sonder om enige voordeel daaruit te kry. Die gedagte is om die teiken raak te skiet nie dood te skiet nie. Solank jy reguit kan skiet oor 10m is jy reg.

Omtrent 80% van die kapasiteit van die rek is 'n goeie punt om te wees. Bokant dit gaan die rekke nie so lank hou nie en die ekstra krag wat jy nodig het om te trek gaan nie oorgedra word na die skoot nie.

So hoe om dit uit te werk?

Bepaal jou trek lengte (drawlength). Dit is die afstand tussen jou anker punt en die mik waar die rekke vasmaak. Om dit te meet gebruik 'n tou of maatband en hou dit vas asof jy gaan skiet. Een punt teen jou wangbeen of ander anker punt wat jy gebruik, en ander punt in jou hand voor waar die mik sal wees. Dit is jou drawlength. Se dit is 83cm (myne) vir die som se maak.
Die oorgrote meerderheid van die rekke wat jy kan koop rek omtrent 6 maal sy lengte so ek sal hou by 6 vir die berekening.

80% van rek kapasiteit: 6 x 80% = 4.8

Lengte van rek dus: 83cm / 4.8 = 17.29cm (17.5cm afgerond)

Sit 2 of 3cm by vir vasmaak weerskante. (Afhangende van vasmaak metode. Ketties met clips het minder nodig)


Sny van rekke dus: 17.5cm + 2cm = 19.5cm.

Ek sny my rekke 20cm vir my drawlength van 83cm en gebruik dan eerder 1.5 cm vir vasmaak aan die velletjie vir gerieflikheidshalwe. Dit gee vir my 17.5 cm aktiewe lengte wat vir my gemaklik is om te skiet en steeds reguit skiet en rekke hou effe langer ook.

Taper

Weereens daar is heelwat debatte en BAIE youtube videos en forum gesprekke hieroor en elke keer as ons bymekaarkom is dit een van die goed wat gesels word.
'n Goeie begin punt is ratio van 3:2 of selfs 2:1.

Vir 0.5mm rekke om 8mm staal te skiet is 22:12 'n goeie begin punt. (Dun kant 12mm en dik kant 22mm)
As jy dikker rekke vir 8mm staal gaan skiet kan jy die taper heelwat aanpas en dunner maak.




Uit die aard van die saak is hier oneindige moontlikhede en maak vir lekker eksperimentering.

My huidige gekose rekke is 0.45 nuwe generasie rekke (6.7x) wat ek bloot in 'n 20/10 taper sny. Dit is baie lig om te trek, hou lank genoeg en het oorgenoeg spoed om gemaklik mee te skiet.

**<u>Velletjies (Pouch)</u>**
Dis die dingetjie wat die amunisie hou terwyl jy skiet. Die amerikaners noem dit 'n pouch in die Youtube videos en as jy dit wil koop is dit maar die term wat gebruik word. In ons kettie tradisie is dit 'n velletjie en ek hou daarvan want dit is waarmee generasies ketties gemaak het.

O ja, die velletjie kom aan die dun kant van die taper op die rekke.

Die velletjie is eintlik belangriker as mens aanvanklik mag dink. Die los van die ammunisie (release) is een van die mees belangrikste elemente om te kan ordentlik kettie skiet en die velletjie het 'n direkte invloed hierop. Meer oor die release later. Selfs die gewig van die velletjie het 'n invloed op die spoed van die skoot. As jy in gedagte hou dat die 8mm staal balletjies maar 2.1g weeg en as jy groot stuk leer aan die punte van die rekke gaan sit gaan dit net soveel of meer weeg as die ammunisie. Die reke moet dus sukkel om daardie groot stuk leer ook te beweeg sodat jy die ammunisie kan vorentoe kry.
Daar is heelwat verskillende velletjies op die mark en word meesal gemaak van sintetiese materiaal. Of jy kan self uit leer sny.

Algemene beginsel is om dit so lig en gemaklik moontlik te maak sodat jy bo-op die amunisie vashou en nie rondom dit nie. Enige van die ervare kettie manne sal met graagte voorbeelde wys en uitdeel.




**<u>Kettie vorm.</u>**
Daar is twee tipe ketties: OTT en TTF.

OTT = Over The Top.

Die meeste van ons skiet met die metode waar die rekke bo-oor die vurk vasgemaak of vasgeknyp word om die ammunisie bo-oor die bokant van die mik te skiet.

TTF = Through the Fork.

Dit is meer in lyn met hoe ons ketties gemaak het en die rekke word teen die kant van die vurk vasgemaak wat dan die ammunisie deur die mik skiet.




Soos genoem is OTT die meer algemene manier en jy kan eksperimenteer wat werk die beste vir jou. In terme van veranderlikes vir skiet is die invloed van dit die manier wat jy korrel. OTT se voordeel is dat jy 'n baie duidelik punt van korrel het op die punt van die rek. Ook is dit makliker om die rekke bo-op mekaar op te lyn.
Met TTF is jou korrel punt die middelpunt van die boonste rek en jy kan ook nie die onderste rek sien terwyl jy korrel nie. TTF is eintlik baie fun om mee te skiet ook en is lekker om uit te probeer as jy die geleentheid het.

**Skiet Styl**

Ek sal ook eers die skiet styl moet verduidelik en wat die invloed op die veranderlikes is. Vir dit wat ek bo genoem het, skiet ons feitlik almal “gangster” styl waar die kettie se vurke vertikaal gehou word. Dit is redelik in teenstryd met soos die meeste van ons gewoond was om te skiet en daar is 'n enorme voordeel daarin.

Die rede vir dit gaan om een groot veranderlik te verwyder. As jy regop skiet dan moet jy in drie dimensies korrel. Vertikale as, horisontaal en afstand. Met gangster styl skiet verwyder jy direk die vertikale veranderlike want jy is vertikaal perfek opgelyn as jy die rekke bo-oor mekaar hou en 'n

lyn trek na die teiken. Dus slegs die horisontale as om oor bekommerd te wees. Een veranderlike minder.

'n Ander groot voordeel van gangster styl skiet is dat jy 'n defnitiewe spesifieke korrel punt het met die punt van kettie mik bo. Baie van die gekoopte ketties het ook een of ander korrel meganisme spesifiek daarvoor. Met die tradisionele regop (horisontale orientasie) skiet metode het jy 'n virtuele punt iewers tussen die vurk nodig of jy korrel glad nie en skiet net op gevoel. Hierdie beginsel van korrel is ‘n fundamentele verandering om akkuraat te kan skiet.



**Vurk wydte en anker punt**

Die verhouding tussen die breedte van jou vurk en waar jy anker is iets om behoorlik te verstaan want dit bepaal die hoogte van jou skoot.
'n Kleiner mik gaan 'n hoër ankerpunt verg en 'n wyer mik gaan jy moet laer anker.

Die twee konsepte gaan hand aan hand en die een het 'n direkte invloed op die ander.
Om dit te definieer:
Vurk wydte is die wydte van jou mik bo van punt tot punt. Vir beginners is die meeste ketties is tussen 90 en 100mm die beste om mee te begin.
Anker punt:
Hierdie is nog een van die belangrike veranderlikes om te kan akkuraat skiet en vir my persoonlik een van die moeilikste om reg te kon kry en die een wat jou miskien die meeste kan kniehalter as jy begin skiet. Sonder 'n herhaalbare spesifieke ankerpunt gaan jy sukkel om konstant dieselfde te kan skiet.
Jou anker punt moet 'n plek wees tot waar jy die rekke trek wat herhaalbaar gedoen kan word. Dit kan wees op jou wangbeen, mondhoek, jou oor of selfs jou agtervoet soos die ouens wat butterfly skiet! Of selfs bo-op jou kop soos van die Spanjaarde skiet. 'n Goeie plek om te begin is om die hoek van jou duim onder of teen waar jy jou wangbeen kan voel te hou. Vir 'n 90mm vurkwydte kettie is jou wangbeen 'n goeie beginpunt. Jy sal gou sien of jy moet aanpas.

Onthou met die gangster styl skiet het ons die vertikale veranderlike uitgeskakel. Met hierdie twee spreek jy die horisontale veranderlike aan. Nou kan jy begin akkuraatheid kry!


So om op te som. As jou rekke opgestel is om redelik reguit te kan skiet, jou ankerpunt reg is vir die kettie waarmee jy skiet en jou release reg is GAAN jy begin raak skiet waar jy mik.

**<u>Release</u>**

Die laaste groot veranderlike is die skoot self of die release. 'n Verkeerde release kan baie gevaarlik wees en jy kan jouself, die kettie of ander mense of goed in die omgewing redelik skade veroorsaak. En die belangrikste, jy gaan mis skiet!

Hier is die reels:

1. Die kettie in jou voor hand moet stabiel bly tot die skoot klaar is. So moet dit nie “gooi” nie.
2. Hou bo-op die ammunisie vas en nie rondom dit nie.
3. Hou jou arm met die velletjie 90 grade sodat jou hand reguit is en nie die ammunisie “flip” nie.
4. Voor jy trek kyk dat die punte van die velletjie perfek op mekaar is en een rek dus nie langer of korter as die ander gaan trek nie.




**<u>So watter kettie moet ek kry?</u>**

So nou dat jy 'n gedagte het van wat betrokke is kan ons weer na die “watter kettie” vraag toe terugkeer.

As jy kyk na die veranderlikes wat ek hier genoem het gaan dit nie saak maak watter mik jy gaan kry nie. 'n Natuurlik hout mik (Natty – Natural fork) wat jy uit 'n boom sny gaan net so goed werk soos 'n gekoopte kettie, of jy kan 'n duur pasgemaakte kettie koop of self een maak.

Al wat ek verseker kan se is dat jy gaan verskillendes kry en probeer.

Ordentlike ketties wat jy gaan koop is nie goedkoop nie maar die duurste kettie en al die toerusting wat jy gaan benodig is saam goedkoper as een golfstok of selfs 'n rondte golf of 'n goeie paar draf skoene of 'n tennisraket. Die sport is dus toeganklik en glad nie duur in sovere sport aangaan nie.

As jy een gaan koop is daar is baie ketties op die mark. Deesdae is die beskikbaarheid van die goedkoper Chinese ketties of die meer professionele ketties van ander dele van die wêreld heelwat meer in Suid-Afrika en daar is baie wat redelike goeie kwaliteit is. Dinge om voor uit te kyk is om nie die ultra-cheapies te koop nie. Kyk na die materiaal waarvan dit gemaak is en belangrikste, kyk na die vurkwydte! As dit nie eens gelys word nie, stap verby. Jy kan ook ketties koop wat verstelbaar is en gaan toelaat om met verskillende vurkwydtes te eksprimenteer.

**Ammunisie**

Defnitief nie klippe nie! Met die vinnige rekke is dit 'n resep vir 'n ramp.

Staal balletjies (Ball bearings) is maar die algemene ammunisie om te gebruik en 8mm word gewoonlik gebruik in kompetisies. Gewig is 2.1g. Mense wat jag gebruik partykeer groter staal of lood balletjies. Maar vir ons doeleindes vir die sport is 8mm perfek en die standaard. En die grootste voordeel is dit is magneties. Jy kan 'n magneet op 'n stok sit en jy hoef nie op die grond rond te kruip om dit op te tel nie.

Klei balletjies is baie goed om mee te begin. Veral as veiligheid van jou omgewing waar jy skiet, jou ervaring, kettie of rekke enigsins 'n oorweging is. Dit disintegreer net as jy iets hard raakskiet maar moet die nie onderskat nie. Jy kan steeds deur 'n koeldrank blikkie skiet met dit. Die klei balletjies is oor die algemeen omtrent 9mm en weeg omtrent 1g. Hulle is dus minder as die helfte van die gewig as 8mm staal en verg 'n heelwat ligter rek om mee te skiet. Omdat hulle soveel ligter is, is akkuraatheid met die klei nie so goed soos die 8mm staal nie.

**Met watter hand skiet jy?**

Oor hierdie vraag is daar ook groot debat maar oor die algemeen gaan dit oor wat is jou dominante oog. So die meeste mense as hul regshandig is is hul regter oog dominant. Dit beteken dan dat jy die mik in jou linkerhand vashou en met jou regter oog (Dominante oog) korrel. Dit is vir my ook die geval dat ek regshandig is en regter oog dominant is. Ek skiet egter andersom. Ek korrel met my linker oog en regterhand hou die kettie vas. Vir my is daar twee redes hiervoor. 'n Ou besering aan my regterarm maak dit moeilik om die rekke te trek en vir my was dit net natuurlik om die kettie in my regterhand vas te hou. Daar is egter verbased baie mense wat ek met die kettie skiet ontmoet het wat so “verkeerdom” skiet. Op die oomblik skiet 40% van ons klub lede so “verkeerdom”. Dan is

daar die gevalle waar mense “cross dominant” is m.a.w. hulle linker oog is dominant maar hulle is regshandig. Of waar jy nie dominante oog het nie en met albei oe kan skiet.
My persoonlike opinie is dat jou nie dominante oog heeltemal in staat is om 'n reguit lyn na die teiken te kan trek en dat jy moet skiet op die manier wat vir jou die gemaklikste is en die beste werk.
Daar is paar goeie Youtube videos wat wys hoe om jou dominante oog te bepaal.

So net weer, die algemene reel is dat jy met jou dominante oog skiet.

**<u>Die vashou van die kettie.</u>**


Hierdie is iets wat mens gewoonlik natuurlik doen maar daar is terme hiervoor so ek wil dit graag net noem.

Daar is drie manier om die kettie vas te hou:

- “Thumb brace” of “Brace grip”



- “Pinch grip”



- “Hammer grip”



Die styl van die kettie gaan gewoonlik bepaal hoe jy dit vashou. Van die gekoopte ketties sal jou toelaat om enige manier te gebruik maar oor die algemeen gaan elke mik of kettie gemaak wees vir 'n spesifieke manier van vashou of die vorm verleen hom net om op 'n sekere manier vasgehou te word.


Die kettie moet stewig genoeg wees in jou hand sodat dit nie per ongeluk kan uitglip nie. As jy 'n kettie het wat voel dat jy jou greep verloor of verswak as jy die rekke trek, kry 'n ander kettie. Dit kan baie gevaarlik wees. Die meeste van die ketties het ook plek om 'n tou of lanyard aan te sit waarmee jy dit stewig op jou gewrig kan hou.

Jy moet ook nie die kettie so styf vashou dat dit jou skoot gaan belemmer nie. Hou net styf genoeg vas sodat dit stabiel is en steeds gemaklik is.

**Bruikbare (noodsaaklike!) toerusting**

As jy nie die regte toerusting het nie is die dun rekke feitlik onmoontlik om te sny en vas te maak.

'n Rotary cutter is onontbeerlik. Jy kan nie die tipe rekke met 'n mes of sker sny nie.




Om die tapers konstant reg te sny help 'n templaat baie. Hierdie het vir my die grootste verskil gemaak met die tipe rekke.




Om die velletjies vas te maak is 'n jig baie helpvol. Daar is soos die foto heelwat tipes beskikbaar of maak self een.



**Algemene raad**

Skiet in 'n spieel. Nie letterlik nie. Gaan staan voor 'n spieel en trek soos jy sou skiet (Sonder ammunisie) Dit gaan jou toelaat om presies te sien hoe jy die mik en velletjie vashou, of jou alignment reg is en hoe jou ankerpunt vergelyk met waar die kettie eintlik na wys. Kyk van die kant en van voor. Veral as jy nie kan uitfigure hoekom jy links skiet of als hoog skiet nie is die spieel uitstekend om te sien wat jy doen.

Doen jou eie navorsing en eksperimenteer. Daar is BAIE videos op die internet oor elke aspek wat ek hier aangeraak het.

Skiet by die huis. Maak 'n catch-box om in te skiet om te oefen. Kry klei balletjies as jy effe bekommerd is oor veiligheid van waar jy skiet. Jy het net enige 10m area nodig.  'n Catchbox kan so eenvoudig wees soos 'n karton doos met paar lae karton en lap agter in of beter lang termyn opsie om 'n goedkoop plastiek kis te gebruik en dit iewers op te sit.

Skiet na papier. 'n Papierbord of vel papier vas gestaple op 'n stuk karton werk perfek. Dit sal jou toelaat om met elke skoot te sien waar jy skiet sodat jy enige klein veranderinge kan maak. Probeer 'n goeie groepering kry om seker te maak jou opstelling van als is goed en jy herhaaldelik dieselfde kan skiet.

Maak reg wat reggemaak moet word. Moenie vir 'n fout kompenseer met 'n verdere fout nie. As jy byvoorbeeld konstant links skiet moenie regs korrel om te kompenseer daarvoor nie. Probeer eerder uitklaar hoekom jy heeltyd links skiet. Dit kan moeilik wees maar dit betaal dividende oor die lang termyn.

Daar is defnitief ander maniere van skiet as wat ek hier verduidelik soos “long draw” waar jy die velletjie verby jou ankerpunt trek, of “butterfly” waar jy altwee jou arms vol uitstrek met langer rekke om ongelooflike spoed te kry. Daar is ook PFS (Pickle Fork Shooter) ketties wat verg dat jy moet bo-oor die verskriklike klein kettie wat gebruik word skiet. Afrikaans sal dit dan seker 'n Agurkie Vurkie Kettie wees. My raad is om eers die basiese beginsels wat ek hier verduidelik onder beheer te kry. Glo my om 'n Agurkie Vurkie kettie te skiet verg meer as net beginner status.

**Veiligheid**

Ek wil hier 'n baie groot moersleutel in jou werke gooi en gesels oor veiligheid. 'n Ongeluk gebeur teen die spoed wat die rekke saamtrek.
Ketties is nie speelgoed nie. Heroorweeg dit om vir kinders net 'n kettie te koop en in die hand te gee. Hierdie rekke is gevaarlik. Daar is 'n massiewe verskil tussen hierdie rekke en die wat ons uit fiets tubes gesny het. Hierdie rekke is seker omtrent 10 keer vinniger. Van die kettie vervaardigers het 'n 18 ouderdomsbeperking om enigsins 'n kettie te kan koop. As jy vir 'n kind 'n kettie gee maak seker dat veiligheid ten alle tye gehandhaaf word en behoorlik gemonitor word. Dit is soortgelyk as om vir 'n kind 'n vuurwapen te gee.

Dieselfde geld vir volwassenes. Verstaan wat betrokke is en die gevaarlikheid daarvan. Vergelyk dit met om die eerste keer rolskaatse of skaatsplank te gebruik en net voluit die bult af te gaan sonder enige gedagte aan veiligheid en wat kan gebeur. Jy gaan opeindig met stukkende knieë en hande of erger.

Tot tyd en wyl en daarna, dra 'n veiligheidsbril. Skiet met minder gevaarlike ammunisie tot jy seker is jy het die basiese beginsels onder beheer en jou release is goed. Klei balletjies is minder skadelik en disintegreer net as dit iets tref. Staal kom terug.

Jou hand vol blou kolle of bloederige streep soos jy hom raakgeskiet het kan nog herstel maar jy kan nie 'n oog vervang nie.

**Dinge wat verkeerd kan gaan en hoe om dit op te los**

“Handslap”
Dit is wanneer die rekke jou hand redelik pynvol tref na jy die skoot gelos het. Die rede is dat jou rekke te sterk is vir die ammunisie waarmee jy skiet. Gebruik dunner rekke of effe langer rekke om by hierdie verby te kom. Of dra 'n handskoen as jy wil volhou by te sterk rekke! Dit gebeur net as jou kettie OTT manier opgestel is. Met OTT hardloop die rekke bo-oor die kettie en as daar baie krag in die rekke oorbly na dit die ammunisie afgestuur het kom dit met 'n boog bo-oor die kettie terug en tref jou hand nogal redelik pynvol. Dit is nie die geval met TTF nie want dit loop nie bo-oor die kettie nie en gaan reguit deur die vurk.

“Fork hit”
Dit kan gebeur dat jou ammunisie die vurk van die kettie tref. Dit kan baie gevaarlik wees want die ammunisie gaan enige plek nadat dit die vurk getref het. As jy twyfel dra 'n veiligheidsbril! As jy dit

oorkom, skiet met klei totdat jy die oorsaak gekry het. Daar is niks so teleurstellend as om 'n gat in 'n kettie te skiet wat jy aangeskaf het en so baie van hou dat jy met dit onder jou kop kussing slaap.

Die rede hiervoor is feitlik altyd die release van die ammunisie. Dit is jy, nie die kettie nie. Om 'n ander kettie te kry gaan nie die onderliggende probleem oplos nie.

Van die redes wat dit kan wees:

- Die rekke trek onegalig saam omdat jy nie die velletjie reg vashou nie. Maak seker die punte van die velletjie is reg oor mekaar voor jy skiet.
- Of jy “flip” die ammunisie bo-oor jou vinger as jy skiet. Hou jou elmboog van die arm wat die kettie vashou parallel met die rekke om dit te voorkom. Of jy hou rondom die ammunisie vas en nie bo-op nie wat ook 'n “flip” of “speedbump” kan veroorsaak.
- As jy die kettie nie regop vashou nie beteken dit ook dat die rekke nie egalig gaan saamtrek nie.
- Kyk uit vir beskadigde rekke of rekke wat nie presies dieselfde gesny en vasgemaak is nie.
- Enigiets wat gaan veroorsaak dat die een rek vinniger saamtrek as die ander is potensiaal om jouself of die vurk van die kettie raak te skiet.
- Die velletjie kan ook dit veroorsaak. As jy 'n baie sagte velletjie gebruik en jy plaas die ammunisie nie perfek in die middel van die velletjie nie kan dit met die skoot onder of bo uitglip met die release met drastiese gevolge. Ek self het al my hand 'n moot in geskiet deur die gebruik van die klaar gebinde Chinese bande wat uitkom met die swak kwaliteit velletjies. My voorstel is om 'n “pit-pouch” of “bra-pouch” te gebruik wat gemaak is om die balletjie net op een manier te plaas in die velletjie. En sny en bind jou eie rekke.

Vra dat iemand vir jou kyk of 'n video neem van jou hand as jy die skoot los. Dit sal dadelik vir jou wys hoe die velletjie jou hand verlaat.

## Verby beginner stadium.

As jy nou eers dink dat jy jou vorm uitgesorteer het, 'n lekker kettie het en jou rekke mooi uitgesorteer het en jy voel jy kan nou uiteindelik so nou en dan raak skiet is waar die dinge begin interesant raak. As jy kyk na die ouens se youtube videos of daar iemand by die klub is wat net ongelooflik goed kan skiet is die vraag: Hoe kry hulle dit reg en hoekom kan ek dit ook nie doen nie?

Vorm en konsekwentheid maak die verskil. Jou vorm van hoe jy die kettie vashou, jou ankerpunt, hoe jou voete geplaas is, hoe jy opgelyn is, hoe jy na die teiken kyk, hoe jy die skoot benader en jou voorbereiding van die skoot maak die verskil tussen nou en dan kan raakskiet en goed te kan skiet. Die mense wat van die boogskiet wêreld af kom het gewoonlik al hiermee te doen gehad en pas baie vinnig aan met kettie skiet.

Ek het so iets verder hieroor geskryf:
https://kosserasies.blogspot.com/2025/04/zen-in-die-kuns-van-kettie.html

## Youtube videos om voor te soek:

Daar is nogal baie Youtube videos van omtrent enigiets wat verband hou met ketties:
Rekke sny en vasmaak daarvan.
Hoe om ketties te maak.
Hoe om te korrel.
Hoe om 'n catchbox te maak.
Hoe ander kulture ketties maak en skiet.
Bepaling van jou dominante oog.
Grawe maar so bietjie rond.

## Etiek

As 'n laaste woord wil ek graag iets skryf oor etiek in kettie skiet as 'n sport. In sekere dele van die wereld is dit al onwettig om ketties selfs te besit. As ons nie meer in ons agterplaas in 'n catchbox kan skiet nie gaan dit kettie skiet as sport baie skade doen.
'n Kettie kan gevaarlik wees en moet ten alle tye met verantwoordelikheid hanteer word. Dinge waarheen jy nie moet skiet nie is: jou buurman (of jou eie) se hond of kat, die vinke wat nes maak in jou agterplaas en jou irriteer, ook nie die roomys lorretjie wat se deuntjie jou mal maak nie. Skiet waar dit veilig is en niks en niemand beskadig of beseer kan word nie.
As jy gaan jag met 'n kettie volg dieselfde veiligheid en verantwoordelikheid as wat jy met 'n vuurwapen sou doen. Een video op sosiale media waar jy wys hoe goed jy die hadida in jou tuin met 'n kettie skiet het die potensiaal om die sport vir ons almal moeilik te maak. Die algemene beginsel is eenvoudig, as jy nie na iets sou skiet terwyl die hele wêreld kyk nie moet nie daarna skiet as jy alleen is nie.

### Uiteinde

Na als hierdie genoem is is daar nie fundamentele verskil van kettie skiet nou en generasies terug nie. Die beginsels is dieselfde. Ons het net nou beter rekke as wat ooit voorheen beskikbaar was en met dieselfde mik wat 50 of 100 jaar oud is of self gemaak of gesny is, kan jy net so akkuraat skiet soos met 'n enige gekoopte kettie.

Dirk Lucas
082 895 9427

KYNETIK

Dankie aan Ivano Mangiagalli vir hierdie!

